



## TRITECH 2017



### Hoekom Tritech?

- ✍ **Vervang die voorgeskrewe navorsingsprojek soos voorgeskryf in die CAPS dokument, m.a.w. is die opdrag vir NW / FW = Deel van CASS-punt**
- ✍ Leer die wetenskaplike metode
- ✍ **Om elke leerder voor te berei vir tersiêre opleiding & beroepswêreld**
- ✍ Hope pret
- ✍ Groot pryse
- ✍ **Leer nuwe vaardighede**
- ✍ **Vorm selfvertroue en oefen om voor mense jou saak te kan stel**
- ✍ Maak nuwe vriende
- ✍ Moontlike beurse
- ✍ Beroepsidentifisering

Merensky Tritech kan slegs suksesvol wees met elkeen se hulp, tyd en energie:

#### 1. Wat word van elke onderwyser verwag?

Jy moet die Tritech-konsep

(m.a.w. navorsing m.b.v. die wetenskaplike metode ) aan die leerders so verduidelik en leer dat hulle dit verstaan en dat hulle entoesiasies sal deelneem.

#### 2. Hoe doen ek dit?

- Die wetenskaplike metode moet **stap vir stap** verduidelik word en met voorbeelde ingeoefen word tydens die eerste 2 weke van skool. Daarna word die opdrag vir hulle gegee. Maak die leerders betrokke deur klaseksperimente te doen waar leerders die doel moet uitdink, veranderlikes moet identifiseer, lesings moet neem, tabelle en grafieke moet trek. Die “bruistablet-eksperiment” en “ohm se wet” is 2 onfeilbare voorbeelde.
- Die werkkaart oor grafieke (sien aangeheg in ‘folder’) of iets soortgelyks moet gedoen word. Dit is uiters belangrik dat grafieke reg geteken en verstaan word vir gr 10 – 12 FW. Inligting moet ook van grafieke af gelees kan word. Doen baie voorbeelde.
- Gebruik die volgende datums en opdragte om kinders te begelei met die groot projek.

Onthou: Hoe meer jy hulle help om hulle denke te formuleer, hoe beter projekte gaan jy kry.

<b>Wat?</b>	<b>Wanneer?</b>	<b>Hoe?</b>
Info en wetenskaplike metode	Gr 8: 20/1 – 3/2 Gr 9: 11/1 – 27/1 Gr 10 en 11 - 1e week	Sien bo
<b>Fase 1:</b> Onderwerpe	Week van 30/1 – 3/2 Gr 8's: Week van 6/2 -10/2	Leerdere moet skriftelik hul onderwerp aan jou voorlê. Jy moet daardeur gaan en terugvoer aan elkeen gee oor die uitvoerbaarheid van elke opdrag.
<b>Fase 2:</b> Doel en wat hul gaan doen / toets	Week van 27/1 – 3/3	Leerdere gee skriftelik in. Dit moet kort wees – nie meer as halwe bladsy nie. Onderwyser gee terugvoer aan die leerdere wat 'n nie-toetsbare onderwerp het. Kyk dat hulle hul veranderlikes reg geïdentifiseer het.
<b>Fase 3:</b> Opvolg gesprekke en motivering	Soos jy sien dit is nodig en tyd het	
<b>Fase 4:</b> Voorlê van projek deur leerdere	Projekte moet gereed wees vanaf 24 April.	Onthou skoolrondte is 23 Mei. Name moet ingegee word van leerdere wat gaan deelneem 12 Mei. Daar is dus effektief net 3 weke waarin al die leerdere hul klasvoorleggings moet doen.

Belangrike datums:  
 Klasvoorlegging: 24 April -12 Mei  
 Merensky-Tritech: 23 Mei 2017  
 Tzaneen-Tritech: 28 Julie 2017  
 Tritech SA: 15 & 16 September 2017